

# U genade is vir my genoeg

Teks: 1 Kronieke 21: 1 - 27  
Teksvers: 1 Kronieke 21: 13

## 1. Inleiding

Om verantwoordelikheid vir jou daade te neem is nie aangenaam of maklik nie. Wanneer ons iets verkeerd doen, en uitgevang word, soek ons 'n verskoning. Is daar nie iets of iemand anders wat geblameer kan word vir my foute nie. Adam blameer vir Eva en sy weer die slang op haar beurt. Ook om ons hoor jy baie keer mense se, maar die duiwel het my dit laat doen. So asof hulle passief amper bewusteloos saamgesleep is in 'n spesifieke optrede.

Dit is dan ook waar ons teksgedeelte vanoggend begin. Satan wat vir Dawid aanhits om 'n sensus te hou. Trouens dit is een van die onduidelikhede in ons teksgedeelte. Want in die parallelle gedeelte oor hierdie geskiedenis uit 2 Samuel 24, sien ons dat die Here vir Dawid aanhits. Nietemin sondig Dawid saam met Joab uiteindelik en daar kom oordeel van die Here af. Oordeel en straf wat ons voor Dawid se keuse in ons teksvers vandag bring.

Uit die drie strawwe kies Dawid die derde straf. Hy kies die swaard van die Here, die drie dae lange pandemie. En op die oog af is dit dalk vir ons 'n eienaardige keuse. Want is die swaard van die almagtige dan nie in staat om baie meer skade aan te rig as die swaard van my vyand nie. Maar dit is juis hierin wat ons vandag die openbaring van die Here sien.

Selfs in hierdie donker hoofstuk van Koning Dawid se lewe, kies hy om by die Here te skuil. Wat doen ek en jy in ons donker oomblikke? Kom ons neem eers 'n paar tree terug en kyk hoe Dawid in hierdie situasie geland het.

## 2. Veiligheid in nommers

Soos ons reeds gesê het, tree Dawid op as gevolg van 'n versoeking van die Satan. En by nadere ondersoek kom die Satan nie met 'n nuwe vreemde versoeking nie. Die versoeking wat die Satan gebruik is die eeue oue saak van mag en voorspoed. Ons sien dit selfs in Mattues 4 wanneer die Satan ook die Here Jesus Christus versoek. Hy sê vir Christus "al

die koninkryke van die wêreld "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."

En dit is presies wat met Dawid gebeur. Hy weet dat die Here voorspoedig gemaak het in sy koningskap tot dusvers. Joab bevestig dit ook immers aan hom in vers 3 met die gedagte dat dit nie saak maak hoeveel manskappe daar is nie, hulle is mos almal U onderdane. Maar Dawid soek versekering. Die statistiek moet uitgewerk word, want die veiligheid lê mos in nommers, of so dink Koning Dawid.

En hierdie verskynsel lê ook nie net by Dawid nie. Ook Joab voer maar Dawid se opdragte uit, selfs al is hy gekant daarteen. Want dalk verloor hy sy hoë pos as Koning Dawid se leerowerste. Daar is juis vandag baie verklaarders wat eerder die skuld voor Joab se deur lê. Daar word gereken dat dit eintlik Joab is, gestraf word omdat Hy nie Dawid se opdrag korrek en volledig uitgevoer het nie. Maar wanneer ons hierdie benadering volg, maak vers 8 glad nie sin.

Vandag is dinge nie veel anders nie. Ons is mos moderne mense met uiters gevorderde wetenskap. Ons kan mos net die materiële middele rondom ons aanwend om enige probleem op te los. Is dit nie dier rede waarom die kerkbanke leeg bly, selfs al gaan dit nie goed daar buite nie. Maar uiteindelik, vir die gelowige is dit net mensgemaakte planne en oplossings. Tog is daar steeds vir die moderne mens dikwels nommers of algoritmes wat versekering kan verskaf. Statistiek wat ons kan gebruik ook toekomsvoorspellings te maak. Daar is mos veiligheid in nommers. Dawid val vir die veiligheid wat 'n presies opgetekende leëmag kan bied.

## 3. Om in hand van die Here te val

Dawid ontvang uiteindelik drie keuse van die Here as straf op sy sonde. Die eerste twee is gekoppel aan ander mense. Die Bybel praat ook van die swaard van mense in vers 12. Die eerste straf, naamlik hongersnood lyk dalk op die oog af sonder enige swaard. Maar wanneer ons eerlik nadink oor hongersnood, plaas dit jou uiteindelik ook voor die swaard van jou vyand. Mens moet dikwels jou siel verkoop om te kan eet. Dink maar aan Josef se broers en Egipte, in Genesis 41 tot 50. Hierdie keuse sou ook oor 'n tydperk van 3 jaar strek, want uiteindelik sal dit oor 'n paar plant- en oestye strek.

Die tweede keuse behels die letterlike vlug voor die swaard van vyande. Dawid is ook met hierdie situasie vertrouwd. Hy was eerstens voortvluggend in die laaste jare van Koning Saul, wat nie wou gehad het hy moet die troon opvolg nie. Maar hy was ook voortvluggend voor sy seun Absalom uit in 2 Samuel 15. Tog sien Dawid eerder kans vir die swaard van die Here as om weer 'n voortvluggende te wees, voor Sy vyande uit.

Uiteindelik is dit wel die Here wat die oordeel en straf. Hebreërs 10: 30 - 31 leer ons immers: “Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld;” en verder: “Die Here sal oor sy volk oordeel.”<sup>31</sup>Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val. Koning Dawid weet dat die oordeel uiteindelik alles van die Here af kom, selfs al kom dit deur middel van die natuur of ander mense soos jou vyande.

Maar uiteindelik is koning Dawid se oortreding teenoor die Here, daarom kan hy tog nie die straf van die Here vir ewig ontwyk nie. Dit is uiteindelik ook ons almal se lot. Omdat niemand van ons sonder sonde is nie, sal ons uiteindelik almal in die hand van die Here val.

## 4. Genade by die Engel van die Here

Maar om in die hand van die Here te val is vir 'n deel van die ganse mensdom, die beste ding wat met hulle kan gebeur. Dit is uiteindelik ook hierdie oortuiging wat Dawid lei, en ook aan ons iets besonders openbaar in vandag se teksgedeelte. Want by die Here is daar genade. Die Engel van die Here met die ontblote swaard het twee kante. En ons weet eintlik is die Engel van die Here in ons teksgedeelte soos die res van die Ou Testament, niemand anders as ons Here Jesus Christus.

En die eerste kant van die Engel van die Here wat aan ons geopenbaar word, is nie so gewild. In ons teksgedeelte is die Engel van die Here eerstens besig om die toorn van God oor Jerusalem te bring. Hy voer die Vader se wil uit. En ook vandag is steeds dieselfde. Christus is 'n probleem vir die ongelowige. Daarom word Hy dikwels beveg en belaglik gemaak deur die ongelowige. Soos ons uit Petrus 3:7 leer, die steun wat die bouers verwerp het, en wat 'n rots van struikeling vir baie mense is.

Maar dan is dit ook die ander kant van die Engel van die Here se bediening wat so duidelik word uit ons teksgedeelte vandag. Dit is Hy wat uiteindelik 'n einde bring aan straf in Jerusalem. Ja, dit is Hy wat die verlossing van die Vader bewerkstellig. Wat die pandemie stop wanneer Hy ook in vers 16 met 'n ontblote swaard oor Jerusalem staan. Die engel van die Here staan tussen Jerusalem op die aarde en die God in die Hemel staan.

Ons weet uiteindelik het Jesus nog nader aan die aarde gekom. Toe Hy mens geword het, en kom woon het tussen ons. So het Christus ons straf op Hom geneem, toe Hy as offer gekruisig is tussen hemel en aarde. En daarom is daar ook vandag vir my en jou genade by die Engel van die Here.

## 5. Slot

Ons kan afsluit deur te sê. Dawid se keuse wat aanvanklik vir ons na die verkeerde keuse lyk, is uiteindelik sy behoud. Want Dawid weet dat daar by die Here genade is vir die uitverkore. Genade wat in ons teksgedeelte nie net aan Dawid bewys word nie. Maar ook aan Jerusalem. Dawid word beveel deur die Here om 'n offer te bring. 'n Offer wat die sonde sal versoen. Tog weet ons dat geen diere offer ooit genoeg was om te vergoed vir die sonde wat ons teen die Here gedoen het nie. Maar ons weet ook dat die Engel van die Here uiteindelik self die offer bring wat nodig is vir verlossing. Dit is juis om hierdie rede dat die Here se liefde uiteindelik volmaak word.

Uiteindelik bring dit ons by die moeilik vraag vanoggend, waar gaan jy jou pak vat in alledaagse terme. Die straf wat oor ons sondige dade gevel moet word. Dink ons die wêreld het 'n beter plan? Die wêreld se plan word gereeld aan ons opgedus. En op die oog af lyk die vryheid wat kwansuis gebied word mos aantreklik. Ons meen so maklik dat die swaard van die vyand nie vir my sal tref nie, die sal mos net die mense tref waarvan ek nie hou.

Uiteindelik moet alle sonde gestraf word, want die Skepper en Onderhouer van die heelal regeer steeds tot in alle ewigheid. Maar vir die mens wat by die Engel van die Here skuil is daar genade. Daar is verlossing in die plaasvervangende offer wat reeds gebring is. Nou bly die vraag aan ons vanoggend: Waarheen vlug ons in ons beproewing, wat ons meestal oor onself bring. Kom ons vlug na die Engel van die Here, na Jesus Christus want Sy genade is baie groot.

Amen